Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 23, Nr 2, 1993. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# DIE STAND VAN SUID-AFRIKAANSE MILITÊRE GESKIEDSKRYWING OOR DIE SA WEERMAG SE BETROKKENHEID IN SUIDWES-AFRIKA EN ANGOLA : 1966 TOT 1989[1]

*Mej L.Jooste**

**THE STATE OF SOUTH AFRICAN MILITARY HISTORIOGRAPHY ON THE SADF'S INVOLVEMENT IN SOUTH WEST AFRICA AND ANGOLA : 1966 TO 1989**

Historical works regarding the South African Defence Force, have appeared since 1920. With a few exceptions, most of these works are official histories. This may, in part, be ascribed to the fact that the military archives were closed to research until 1948. Since then a number of studies, mostly theses, have appeared.

More recently, the so-called "Bush War" has come to dominate South African military historiography. Most of the writers in this field are journalists and the historians in the employ of the SADF, with relatively few theses being written. Most of their works are of the drum and trumpet type, with the result that a broadly-based history describing the total development of the war and the interconnection of political and military events, has still to be written.

The majority of the existing studies have been written from the South African perspective. Researchers are practically dependant upon local sources, many of which, for various reasons, are still inaccessible. The captured enemy documents are few, incomplete and fragmentary.

## INLEIDING

As agtergrond vir hierdie spesifieke tema word die situasie van die Suid-Afrikaanse militêre geskiedskrywing in die algemeen sedert 1912 - toe die SA Weermag (SAW) onder die naam Unie-verdedigingsmag gestig is - vlugtig in oënskou geneem. Vir die doel van hierdie bespreking word tydskrif- en joernaalartikels weens 'n gebrek aan ruimte, nie in aanmerking geneem nie en word ook slegs enkele van die belangrikste werke, gepubliseer en ongepubliseer, vermeld.

Met enkele uitsonderings, veral verhandelings en proefskrifte, is die vernaamste Suid-Afrikaanse werke oor die twee wêreldoorloë almal amptelike geskiedeniswerke. Suid-Afrika se deelname aan Wêreldoorlog I is in die volgende vier amptelike publikasies vergestalt:

- J.W.G. Leipoldt (broer van die Afrikaanse skrywer, digter en koskenner Louis Leipoldt), *The Union of South Africa and the Great War, 1914-1918: Official History* (Pretoria, 1924);
- John Buchan, *The History of the South African Forces in France* (Pretoria, 1920);
- J.J. Collyer, *The Campaign in German South West Africa 1914-1915* (Pretoria, 1937) en *The South Africans with General Smuts in German East Africa 1916* (Pretoria, 1939).

Terwyl Leipoldt en Buchan slegs die verloop van onderskeidelik die Eerste

[1] Referaat gelewer by 'n Simposium oor Suid-Afrikaanse militêre geskiedskrywing in Bloemfontein op 9-10 Oktober 1992.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 23, Nr 2, 1993. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Wêreldoorlog en die veldtog in Frankryk beskryf, omskryf en beklemtoon Collyer die foute wat die Unieverdedigingsmag begaan het en die lesse wat geleer is. Die ander gesaghebbende werke oor Suid-Afrikaners in die Eerste Wêreldoorlog ondersoek die rol van anderkleuriges. Dit is A.M. Grundlingh se proefskrif *Die Suid-Afrikaanse Gekleurdes en die Eerste Wêreldoorlog* (D Phil, UNISA, 1981) en sy publikasie getitel *Fighting their own War : South African Blacks and the First World War* (Johannesburg, 1987).

Die amptelike geskiedskrywing oor die Tweede Wêreldoorlog was deeglik beplan en op 'n sistematiese wyse uitgevoer. 'n Afdeling genoem Unieoorlogsgeskiedenis - beter bekend onder sy Engelse naam "Union War Histories" - is in 1941 gestig om die rol van die Suid-Afrikaners in die oorlog te boekstaaf. Dit het aanvanklik onder die Departement van Verdediging geressorteer maar is later na die Kantoor van die Eerste Minister oorgeplaas. J.A.I. Agar-Hamilton, indertyd 'n senior lektor in Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, het aan die hoof van die afdeling gestaan. Hy het die afdeling tot 1961 gelei. Onder sy leiding en met behulp van 'n aantal medewerkers, is 'n drietal boeke gepubliseer, nl

J.A.I. Agar-Hamilton en L.C.F. Turner, *The Sidi Rezegh Battles, 1941* (London, 1957) en *Crisis in the Desert, May-July 1942* (Cape Town, 1952);

L.C.F.Turner, H.R. Gordon-Cumming en J.E. Betzler, *War in the Southern Oceans 1939-1945* (London, 1961).

Na die sluiting van die afdeling Unieoorlogsgeskiedenis in 1961, is die Advieskomitee insake Oorlogsgeskiedskrywing in die lewe geroep en is die reeks oor Suid-Afrika in die Tweede Wêreldoorlog (South African Forces in World War II) voortgesit. Die volgende werke het verskyn:

N. Orpen, *East African and Abyssinian Campaigns* (Cape Town, 1968);

J. Ambrose Brown, *A Gathering of Eagles: the SAAF in Italian East Africa, 1940-1941* (Cape Town, 1970);

N. Orpen, *War in the Desert* (Cape Town, 1971);

J. Ambrose Brown, *Eagles Strike: the SAAF in Egypt, Cyrenaica, Libya, Tunisia, Tripolitania and Madagascar, 1941-1943* (Cape Town, 1974);

N. Orpen, *Victory in Italy* (Cape Town, 1975);

H.J. Martin & N. Orpen, *Eagles Victorious: the Operations of the South African Forces over the Mediterranean and Europe, in Italy, the Balkans and the Aegean, and from Gibraltar and West Africa* (Cape Town, 1977);

H.J. Martin & N. Orpen, *South Africa at War; Military and Industrial Organization and Operations in connection with the Conduct of the War, 1939-1945* (Cape Town, 1979);

N. Orpen & H.J. Martin, *Salute the Sappers, Part 1: The Formation of the South African Engineer Corps and its Operations in East Africa and the Middle East to the Battle of El Alamein* (Johannesburg, 1981);

N. Orpen & H.J. Martin, *Salute the Sappers, Part 2: The Operations of the South African Engineer Corps in the North African and Italian Theatres of War from the Battle of El Alamein to the End of World War II, with a Brief Description of Subsequent Developments* (Johannesburg, 1982).

Die skrywers van hierdie tweede deel van die reeks was nie opgeleide historici nie, maar was nietemin persone met genoegsame vermoëns en het geskiedeniswerke gelewer wat in die meeste opsigte aan die vereistes van wetenskaplike geskiedskrywing beantwoord. Die reeks dek die meeste maar nie al die aspekte van Wêreldoorlog II nie; die mediese diens, personeeladministrasie, logistiek en demobilisasie is van die onderwerpe wat agterweë gebly het. Die skrywers van die reeks

het onbelemmerde toegang tot al die Suid-Afrikaanse amptelike argiewe gehad en ook tot sekere buitelandse amptelike bronne.

Die Suid-Afrikaanse militêre argiewe oor die Tweede Wêreldoorlog was tot 1948 vir ander navorsers gesluit. Sedert die oopstelling van hierdie argiewe het 'n aantal voortreflike studies, veral tesisse, verskyn, oa

L.W.F. Grundlingh, *The Participation of South African Blacks in the Second World War* (D Phil, RAU, 1987);

C.J. Jacobs, *'n Evaluering van die Rol van die Eerste Suid-Afrikaanse Infanteriedivisie tydens die eerste Slag van El Alamein, 1 tot 30 Julie 1942* (MA, US, 1988);

A.J. Groenewald, *'n Kritiese Ontleding van die Faktore wat gelei het tot die Oorgawe van die Suid-Afrikaanse Magte by die Slag van Tobruk* (D Phil, UOVS, 1991).

Die Suid-Afrikaanse deelname in die Koreaanse Oorlog, 1950 tot 1953, figureer tot dusver baie min in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, waarskynlik omdat die land se betrokkenheid in die oorlog so beperk was. D.M. Moore se proefskrif *The Role of the South African Air Force in the Korean War, 1950-1953* (D Phil, UNISA, 1982) is die enigste noemenswaardige studie oor die oorlog. Tans is die Dokumentasiediens besig met die geskiedenis van die klein SA Leër-element wat as 'n deel van die mag van die Britse Gemenebes, in Korea geveg het.

Naas krygsgeskiedenis is korps-, regiments- en eenheidsgeskiedenis gewild by skrywers. Die Dokumentasiediens se reeks, algemeen bekend as "swart" publikasies, bevat oa

W. Otto, *Die Spesiale Diensbataljon, 1933-1973* (Pretoria, 1973);

R.J. Bouch (red), *Infanterie in Suid-Afrika, 1652-1976* (Pretoria, 1977);

F.J. Jacobs ea, *Suid-Afrikaanse Seinkorps* (Pretoria, 1975);

C.J. Nöthling (red), *Ultima Ratio Regum : Artilleriegeskiedenis van Suid-Afrika* (Pretoria, 1987);

Tot die kategorie onder bespreking hoort ook:

A.C. Martin, *The Durban Light Infantry, Vol 1, 1854-1934* (Durban, 1969);

A.C. Martin, *The Durban Light Infantry, vol 2, 1935-1960* (Durban, 1969);

N. Orpen, *Prince Alfred's Guards, 1856-1966* (Cape Town, 1967);

N. Orpen, *The Cape Town Highlanders, 1885-1970* (Cape Town, 1970);

N. Orpen, *The History of the Transvaal Horse Artillery, 1904-1974* (Johannesburg, 1975);

asook die verhandelings:

J.A. Combrinck, *Die Geskiedenis van Regiment President Steyn, 1934 tot 1976* (MA, UNISA, 1983);

G.E. Visser, *Die Geskiedenis van die Middellandse Regiment 1934-1943* (MA, UNISA, 1983);

A.J. Groenewald, *Die Geskiedenis van Tempe as militêre basis tot 1960* (MA, UOVS, 1984).

Suid-Afrika se militêre geskiedenis het in 1966 'n nuwe fase betree toe SWAPO bedrywigheid in die noorde van SWA militêre weerbaarheid aldaar noodsaaklik gemaak het. Gedurende die volgende 23 jaar het die SAW se betrokkenheid in SWA en in Angola toegeneem en het dit die Suid-Afrikaanse militêre geskiedenis oorheers.

## GESKIEDENIS VAN DIE "BOSOORLOG"

Die konflik waarin die Suid-Afrikaanse Veiligheidsmagte meer as twee dekades lank in die noorde van SWA en Angola gewikkel was, het hoë eise aan die RSA gestel. In dié proses het Suid-Afrika groot opofferings - finansieel en in terme van menselewens - gemaak. As gevolg van die SAW se eskalerende operasionele verpligtinge het sy man-

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 23, Nr 2, 1993. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

nekragbehoeftes voortdurend toegeneem en is die dienspligstelsel in 1977 vanaf 12 tot 24 maande verleng. Die onttrekking van ekonomies aktiewe manne aan die sakegemeenskap het ernstige ontwrigting veroorsaak. Die soldate se lang afwesigheid van hulle tuistes en gesinne het allerlei maatskaplike probleme meegebring. En tog, al het die sg "Bosoorlog" so diep in die Suid-Afrikaanse gemeenskap gesny, het Suid-Afrikaanse historici hierdie geskiedenis grootliks nog onaangeraak gelaat.

Tot dusver is dit hoofsaaklik joernaliste en die SA Weermag se geskiedskrywers wat hierdie geskiedenis opteken. Sommige van die bekendste, gepubliseerde werke is oa:

F.J. du Toit Spies, *Angola: Operasie Savannah 1975-1976* (Pretoria, 1989);

S du Preez, *Avontuur in Angola* (Pretoria, 1989);

Willem Steenkamp, *Borderstrike: South Africa into Angola* (Durban, 1983);

Willem Steenkamp, *South Africa's Border War: 1966-1989* (Gibraltar, 1989);

Helmoed-Römer Heitman, *War in Angola: The Final South African Phase* (Gibraltar, 1990);

Jan Breytenbach, *Forged in Battle* (Cape Town, 1986);

Jan Breytenbach, *The live by the Sword* (Alberton, 1990);

Peter Stiff, *Nine Days of War* (Alberton, 1989);

Tersaaklike studies wat deur die Dokumentasiediens se geskiedskrywers onderneem is en wat tot nog toe geklassifiseer is en dus slegs intern in die SA Weermag benut word, sluit in:

W.A. Dorning,*The History of the Joint Monitoring Commission from the South African Perspective.*

W.A. Dorning, *A History of Co-operation : The SA Defence Force's Involvement with UNITA.*

S. du Preez, *Twisappel van die Nasies: Suidwes-Afrika se Onafhanklikheidstryd tot 1979.*

L. Jooste, *Die SA Weermag in Suidwes-Afrika 1969-1973.*

Betreklik min verhandelinge en tesisse is nog aangepak. Aspekte van dié tema is die studieveld van die volgende:

W.A. Dorning, *A Historical Analysis of the Military Strategic Implications for the Republic of South Africa of UNITA's Activities in Angola, 1976-1983* (D Phil, UOVS, 1987).

J.C.K. van der Merwe, *'n Ondersoek na die ontstaan en verloop van Insurgensie in Owambo tot 1983* (MA, UNISA, 1985).

M.C. Dempsey, *Die Militêre Konflik tussen die Suid-Afrikaanse Magte en SWAPO in die Operasionele Gebied, 1974-1980,* (MA, UOVS, 1984).

## 'N NUWE DIMENSIE IN MILITÊRE GESKIEDSKRYWING

Die Suid-Afrikaanse militêre geskiedskrywing het in die tagtigerjare 'n nuwe dimensie bygekry met die geskiedenis van operasie SAVANNAH en dus word breedvoerig oor die totstandkoming van dié manuskrip uitgewei. Ofskoon Spies se boek *Angola: Operasie Savannah 1975-1976* eers in 1989 verskyn het, het die geskiedskrywing daaroor alreeds meer as 11 jaar vantevore begin. Operasie SAVANNAH, wat van November 1975 tot Maart 1976 geduur het, het 'n nuwe fase in Suid-Afrikaanse militêre geskiedenis ingelei. Met hierdie operasie is die SA Leër vir die eerste keer na die Tweede Wêreldoorlog weer konvensioneel ontplooi. Dit het onder die grootste geheimhouding geskied en jare daarna was Suid-Afrikaners nog in die duister oor die besonderhede van die SA Weermag se deelname aan dié konflik. Die talle joernaliste in Angola ten tye van die oorlog het die wêreldpers van berigte daaroor voorsien. Die Suid-Afrikaanse nuusmedia was egter die swye opgelê en teen die

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 23, Nr 2, 1993. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

tyd dat die eerste omvattende persverklaring oor die Weermag se rol in Angola uitgereik is, het buitelandse bronne al taamlik volledig oor die oorlog verslag gedoen. Veral die Colombiaanse verslaggewer, Garcia Marques, het 'n gedetailleerde beskrywing van Kuba se aandeel in die oorlog die wêreld ingestuur.

Die SA Weermag se historiese afdeling het intussen egter nie stilgesit nie. Die destydse Direkteur Dokumentasiediens, brig Willem Otto, onder wie die geskiedskrywers geressorteer het, het in Februarie 1978 'n pleidooi tot die Hoof van Staf Bestuursdienste gerig om die Weermag se teenterroristestryd met spesifieke aandag om operasie SAVANNAH, na te vors en te boekstaaf. In sy motivering van die noodsaaklikheid vir hierdie geskiedskrywing het hy op die pragmatiese gekonsentreer. Hy het daarop gewys dat militêre geskiedenis die praktiese nut het dat dit vir militêre opleiding aangewend kan word. Die lesse wat daaruit geleer word, moet verhoed dat die foute herhaal word. Omdat hierdie lesse met die verloop van tyd vervaag, moet die geskiedenis so gou as moontlik na afloop van die operasie geskryf word. Ook omdat die aard van oorlogvoering met steeds meer gesofistikeerde wapens gedurig verander, is geskiedskrywing oor kontemporêre veldslae baie belangrik. Nog een van brig Otto se argumente was dat daar inmiddels alreeds boeke van skrywers wat bevooroordeeld teenoor die SA Weermag was, oor SAVANNAH verskyn het. Hierdie skrywers het uiteraard nie toegang tot die Weermag se argiewe gehad nie en kon derhalwe nie 'n juiste of gebalanseerde weergawe van die feite, wat Suid-Afrika betref, gee nie. Die beste teenvoeter hiervoor was om sonder versuim 'n amptelike geskiedenis, wat as regstelling sou dien, te publiseer. Hy het ook gevoel dat die SAW dit bowendien aan die volk van Suid-Afrika verskuldig was om al die feite bekend te maak.

Brig Otto se pleidooi het nie op dowe ore geval nie en die nodige ministeriële goedkeuring vir so 'n projek is spoedig daarna verleen - ook dat die geslote argiewe vir die doel geraadpleeg mag word. 'n Toesighoudende komitee is aangestel en in Julie 1978 is prof F.J. du Toit Spies getaak om die boek saam te stel.

'n Groepie medewerkers verbonde aan die Dokumentasiediens se seksie Geskiedskrywing is tot sy beskikking gestel. Die resultate van die navorsing is deur prof Spies in 'n lywige en volledig geannoteerde manuskrip, toegelig met kaarte, saamgevat. Die Dokumentasiediens het in die vroeë tagtigerjare gepoog om die manuskrip te publiseer - dit is immers een van die vernaamste redes waarom die geskiedenis met groot moeite nagevors en geskryf is - maar in die politieke klimaat van destyds was dit nie gerade geag nie. Die oorspronklike manuskrip is nog steeds geklassifiseer en word slegs intern in die SA Weermag, veral vir stafkursusse, beskikbaar gestel.

'n Paar jaar later, teen die einde van die 1980's, het die politieke situasie in Suid-Afrika asook Suidwes-Afrika sodanig verander, dat die geleentheid geskep is om wel so 'n publikasie die lig te laat sien. Die oorspronklike manuskrip is hersien en in 1989 as 'n amptelike publikasie van die SA Weermag getitel *Angola: Operasie Savannah 1975-1976*, uitgegee. Ongelukkig is die boek, waarin die Weermag se kant gestel word, slegs in Afrikaans beskikbaar en is dus ontoeganklik vir buitelandse lesers.

## BESTEK

Die meerderheid van die bestaande geskiedskrywing oor die SA Weermag in SWA en Angola, kan as krygsgeskiedenis getipeer word. Daar word op die operasionele optrede van die Weermag gekonsentreer met slegs terloopse verwysings na die SA Weermag se ander aktiwiteite aldaar. Tot dusver het die skrywers veral op operasie SAVANNAH gefokus. Dit is nie vreemd nie aangesien, soos vroeër reeds genoem, hierdie operasie die begin was van 'n nuwe fase in die Suid-Afrikaanse militêre geskiedenis.

Daaropvolgende belangrike operasies, wat elkeen 'n besondere kenmerk het, REINDEER, SCEPTIC, MODULÊR, HOOPER, PACKER en DISPLACE is ook geboekstaaf. Die spesifieke betekenis van elk

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 23, Nr 2, 1993. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

van hierdie operasies word vervolgens kortliks geskets. Na die onttrekking van die Suid-Afrikaanse magte aan Angola op 27 Maart 1976, het SWAPO 'n omvattende netwerk van operasionele en basiskampe in die suide van Angola gevestig van waar PLAN lede Owambo maklik kon binnesypel. Die gevolglike toename in terroriste-aanvalle in SWA het Suid-Afrika gedwing om tot 'n beleid van voorsprongoperasies oor te gaan. Dié besluit het gelei tot 'n reeks semi-konvensionele operasies teen SWAPO basisgebiede en -fasiliteite in Suid-Angola. Die eerste operasie van hierdie aard was REINDEER en is op 4 Mei 1978 geloods. Hierdie operasie is veral bekend vir die lug- en valskerm= aanval op SWAPO se belangrikste opleidings- en logistieke ondersteuningsbasis by Cassinga, bekend as "Moskou", en 'n grondaanval deur 'n gemeganiseerde mag op verskeie voorste deurgangsbasisse in die grensgebied, insluitend 'n uitgestrekte kompleks bekend as "Vietnam" naby Cuamato.

Gedurende operasie SCEPTIC, wat in Junie 1980 as 'n blitsaanval op 'n SWAPO basis in Suidoos-Angola begin het, maar tot 'n uitgebreide operasie ontwikkel het namate al meer SWAPO opslagplekke in die gebied ontdek is, het die Suid-Afrikaanse Veiligheidsmagte vir die eerste keer in ernstige botsings met die Angolese FAPLA magte gewikkel geraak. Daar was ook vir die eerste keer kontak met gemeganiseerde elemente van SWAPO.

Dit is hierdie twee belangrike operasies, asook die opvolgoperasies in Zambië na die aanval in 'n wegstaanbestoking op 23 Augustus 1978 op Katima Mulilo waarin 10 soldate gedood is, wat Willem Steenkamp in die publikasie *Borderstrike* beskryf.

Die SA Weermag se betrokkenheid in Angola is met operasies MODULêR, HOOPER, PACKER en DISPLACE, wat vanaf Augustus 1987 tot Augustus 1988 gestrek het, afgesluit. Met hierdie veldtog is die Weermag se hulpverlening aan Jonas Savimbi se UNITA beweging in Suidoos-Angola ook beëindig. Hierdie operasies is om twee verdere redes van belang. 'n Klein Suid-Afrikaanse mag van nie meer as 3 000 man, wat ontplooi is om UNITA teen 'n grootskaalse offensief deur Angolese regeringsmagte te ondersteun, het die Angolese mag van 12 000 man 'n verplettende nederlaag toegedien. Die SA Weermag en SWA Gebiedsmag het gevolglik die Kubaanse regering en die MPLA bewind gedwing om onderhandelinge oor 'n vreedsame skikking in SWA aan te knoop. Hierdie samesprekings het daartoe gelei dat vyandelikhede gestaak is en die Suid-Afrikaanse magte aan Angola onttrek is. Die geskiedenis van MODULÊR, HOOPER, PACKER en DISPLACE kry in 1990 in boekvorm gestalte in Heitman se werk *War in Angola*.

In sy boek *Nine Days of War* beskryf Peter Stiff die gevegte wat vanaf 1 tot 9 April 1989 plaasgevind het nadat 1600 gewapende PLAN lede die grens na SWA oorgesteek het en in hewige gevegte met die SWA Polisie en Suid-Afrikaanse gevegseenhede betrokke geraak het. Dit was die laaste krygsoptrede waaraan die Weermag in die "Bosoorlog" deelgeneem het.

Tans is die Dokumentasiediens se navorsers besig om nog drie operasies op te teken, nl PROTEA wat vanaf Augustus tot September 1981 geduur het en die grootste gemeganiseerde operasie deur die SA Leër was sedert die Tweede Wêreldoorlog; DAISY wat direk op PROTEA gevolg het, asook ASKARI, wat vanaf Desember 1983 tot Januarie 1984 gestrek het en waarvan die belangrikste gevolg was dat dit Angola genoop het om in Lusaka met Suid-Afrika samesprekings te voer oor 'n staking van vyandelikhede in Suid-Angola.

Die operasies wat alreeds te boek gestel is en dié waarmee navorsers tans besig is, is weliswaar - met die uitsondering van DAISY - van die belangrikste optredes wat die SAW in Angola onderneem het, maar is net enkele van die vele operasies wat die Weermag in die gebied gevoer het. 'n Groot getal gebieds- en oorgrensoperasies wag nog om nagevors te word. Die SA Weermag se onttrekking uit SWA, 'n aksie wat fyn beplanning en noukeurige uitvoering geverg het, is opsigself ook 'n onderwerp vir navorsing.

Die Suid-Afrikaanse militêre geskiedenisbeeld oor die "Bosoorlog" skep 'n fragmentariese indruk deurdat individuele operasies beskryf word. Slegs een skrywer het tot dusver gepoog om 'n oorsig van die Weermag se totale operasionele optrede oor die 23 jaar te gee, te wete Willem Steenkamp in *South Africa's Border War*. Hierdie werk dek die tydperk vanaf 1957, die stigting van die Owamboland People's Organization (voorloper van SWAPO) tot 1988. Steenkamp stel dit self in sy voorwoord dat dit nie 'n gedetailleerde geskiedenis is nie, maar slegs 'n profiel van die oorlog. Dit is 'n poging om die verloop van die "Bosoorlog" in breë trekke te beskryf en om besondere insidente en belewenisse met treffende fotomateriaal toe te lig. Hierin slaag hy uitstekend.

*South Africa's Border War* is 'n baie verdienstelike werk, maar dit voorsien nog nie in 'n behoefte aan 'n breedopgesette geskiedenis waarin die totale ontwikkeling van die stryd en die samehang tussen die militêre en die politieke beskryf word nie. So 'n geskiedenis moet binne die struktuur van die wêreld waarin die gebeure plaasgevind het, beskryf word, dws die totale militêre gebeure moet binne die struktuur van die totale politiek beskryf word. Slegs op hierdie wyse kan die Suid-Afrikaanse militêre ervaring gesintetiseer en in die breedste verband binne die Suid-Afrikaanse geskiedenis geplaas word. Die argument kan aangevoer word dat dit ons nou nog, so kort na die onttrekking uit SWA, aan die historiese perspektief om so 'n studie te onderneem, ontbreek. 'n Teenargument hierop is dat sodanige studie in die gees onderneem word dat die insigte en oordele wat uit so 'n resente geskiedeniswerk na vore kom, nie finaal kan wees nie. 'n Latere geslag mag tot ander insigte en oordele kom. Die skrywers kan en sal slegs vanuit sy eie tyd 'n interpretasie gee.

Dit word geredelik erken dat die algemene leserspubliek en ook die SA Weermag, veral in die tradisionele militêre geskiedenis, die sg "drum and trumpet" geskiedenis, dws operasionele of krygsgeskiedenis, belangstel. Die ewe belangrike maar minder opwindende aspekte van die Weermag se geskiedenis word dikwels nie na waarde geskat nie.

Militêre geskiedskrywing oor die SA Weermag in SWA en Angola mag egter nie - soos tot dusver gedoen is - tot krygsgeskiedenis beperk word nie. Weliswaar was die operasionele optrede die vernaamste kenmerk van die Weermag se teenwoordigheid in die gebied, maar dit was nie die enigste of die waardevolste nie. Die vele ander aktiwiteite van die SA Weermag, insluitend burgersake-aksies en mediese hulpverlening, asook die ontstaan en ontwikkeling van die militêre gemeenskappe, is nog onontgin in die geskiedskrywing.

Melding moet ook gemaak word van 'n aantal werke wat, streng gesproke, nie as geskiedenis geklassifiseer kan word nie, maar wat tog elkeen 'n bydrae tot 'n spesifieke faset van militêre geskiedenis lewer. Die eerste een is S du Preez se *Avontuur in Angola*. Hier word teen die agtergrond van operasie SAVANNAH, op die soldaat se belewing van die oorlog gefokus. Die meer persoonlike en menslike aspekte word onder die soeklig geplaas - die soldaat se ontberinge, deursettingsvermoë, dapperheid en ook humor.

Daar is ook At van Wyk se twee publikasies oor die Honoris Crux-ontvangers, onderskeidelik getitel *Honoris Crux, Ons Dapperes* (Kaapstad, 1982) en *Honoris Crux Ons Dapperes II* (Kaapstad, 1985). Van Wyk sê self die doel was nie om 'n geskiedenis van die "Bosoorlog" aan te bied nie, maar om 'n bondige uiteensetting van hoe die HC's verwerf is. Soos algemeen bekend, word dié medalje vir buitengewone dapperheid toegeken en die verwerwing van 'n HC is 'n besondere eer. Dit is gepas dat die dié dade van onverskrokkenheid en selfopoffering geboekstaaf word.

Die laaste boek wat hier ter sprake is, is *The Wynand du Toit Story* (1987) deur Allan Soule, Gary Dixon en René Richards. Dit vertel die verhaal van Du Toit se gevangeneming in Cabinda en die twee jaar wat hy daarna in 'n Angolese tronk deurgebring het.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 23, Nr 2, 1993. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Al hierdie werkies is in 'n gemaklike leesstyl en maak die dikwels vreemde militêre milieu en kultuur vir die gewone leser verstaanbaar.

Met betrekking tot die soldaat se ervaring van die "Bosoorlog" as sodanig, ontbreek dit die Suid-Afrikaanse militêre geskiedskrywing nog aan 'n werk oor hoe die verskillende fasette van die oorlog oor 'n lang tydperk die soldaat se lewe van dag tot dag geraak het; dagtake, tydverdrywe, verlange na geliefdes tuis, geestelike ervaring en godsdienstige aktiwiteite, vrees, verveling, gesindhede, kameraadskap, ens. Hier word bedoel 'n militêr-kultuurhistoriese werk soortgelyk aan diè van Fransjohan Pretorius in *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Kaapstad, 1991).

## OBJEKTIWITEIT

Die bestaande Suid-Afrikaanse militêre historiografie oor die "Bosoorlog" is sonder uitsondering eensydig aangesien dit slegs vanuit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt nagevors en geskryf is. Ook die amptelike Weermagstudies gaan mank hieraan. Navorsers is geheel en al van Suid-Afrikaanse feitemateriaal afhanklik. Selfs die klompie gebuite dokumente in die SAW Argief is te min, onvolledig en fragmentaries om enigsins die navorsers van nut te wees om 'n meer gebalanseerde geskiedskrywing te bied. Hopelik - maar dit lê seker nog ver in die toekoms - sal SWAPO, Kubaanse, Oos-Duitse en Russiese bronne oor dié lande se militêre betrokkenheid in Angola en operasies teen die SA Weermag en UNITA aldaar, tot Suid-Afrikaanse geskiedskrywers se beskikking gestel word.

Suid-Afrika se eie argiewe oor die "Bosoorlog" is ook nog geklassifiseer en derhalwe ontoeganklik vir die gewone navorser. Die aktuele kwessie van die beperking op militêre argiewe regverdig 'n kort uiteensetting. In terme van die Argiefwet (wet no 6 van 1962) is die SAW Argief 'n geslote argiefbewaarplek, dws individue en organisasies het nie vrye toegang tot die dokumentasie in die Argief nie. Betreffende geklassifiseerde argiewe, mag slegs lede van die SA Weermag wat oor die nodige klaring beskik en met amptelike projekte gemoeid is, die argivalia raadpleeg. 'n Lid van die publiek verkry slegs toegang mits hy aan sekere voorwaardes voldoen en hy deur die kantoor van die Minister van Nasionale Opvoeding en ook die Minister van Verdediging daartoe gemagtig word. Een van hierdie voorwaardes is dat die manuskrip aan die Weermag se Afdeling Inligting (Direktoraat Teeninligting) vir klaring voorgelê word. Hierdie vereiste is slegs om enige sekerheidsbreuk te voorkom en die strekking van die manuskrip of navorsingsresultaat bly ongeskonde.

Ingevolge die bepalinge van die Argiefwet handhaaf die SAW Argief 'n geslote tydperk van 30 jaar. Die Argiefwet maak ook voorsiening daarvoor dat argiewe van 'n sensitiewe aard, in landsbelang vir 'n langer tydperk geslote bly. Die afgelope tyd het die kwessie van die toeganklikheid van amptelike bronne heelwat aandag onder historici en argivarisse geniet en die aandrang op die oopstelling van amptelike argiewe - insluitend dié van die SA Weermag - word al sterker.

Daar bestaan tans nog 'n praktiese probleem betreffende die militêre argiewe oor die mees resente SWA geskiedenis. Met die Weermag se onttrekking uit die gebied is die argiewe na die SAW Argief oorgeplaas. Aanvanklik het dié oorplasing sistematies geskied maar mettertyd, weens tydsdruk, is die honderde duisende lêers, dokumente en kaarte onordelik in vraghouers gepak en na die Argief afgestuur. Nagenoeg 2,800 linieêre meter oftewel 2,8 kilometer argiewe is voor die SA Weermag se onttrekking na die SAW Argief oorgeplaas. Weens werksdrukte en 'n personeeltekort is 'n deel van hierdie argivalia nog nie ontsluit nie en dus ontoeganklik vir navorsing.

'n Skrywer se persoonlike betrokkenheid in die "Bosoorlog" is ook 'n faktor wat onvermydelik objektiwiteit beïnvloed. Dit is veral die geval met iemand wat nie 'n geskoolde geskied-

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 23, Nr 2, 1993. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

skrywer is nie. Persoonlike deelname aan die oorlog diskwalifiseer egter nie 'n skrywer nie - mits hy die nodige selfdissipline aan die dag lê en perspektief handhaaf.

Vrae en bedenkinge oor objektiwiteit mag ook ontstaan wanneer die begrip "amptelike" geskiedenis na vore kom. Die amptelike geskiedskrywers van die SA Weermag streef 'n hoë mate van objektiwiteit na. Die verlede word onbevange en sonder 'n vooropgestelde doelstelling benader sodat hulle navorsingsresultate - sover dit binne hulle vermoë is - gebalanseerd, eg en objektief is. Daar word nie gepoog om die verlede met 'n bewuste wil tot diens van die SA Weermag se saak te verkneg nie. Die amptelike skrywers word die vryheid gegun om na eie insig aan die werk gestalte te gee. Geen druk word op hulle uitgeoefen om 'n bepaalde standpunt in te neem nie.

## PROFESSIONALISERING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE MILITÊRE GESKIEDSKRYWING

Dit val sterk op dat baie min van die gepubliseerde werke deur historici, wat opgelei en dus in die metodiek van wetenskaplike geskiedskrywing geskool is, onderneem word. Die meerderheid van die werke se outeurs is nie-professionele geskiedskrywers; veral die joernaliste rig hulle op die optekening van militêre gebeure. Die geskiedenis is nie uitsluitlik die besit van die akademiese gemeenskap nie en laasgenoemde lewer ook nie noodwendig voortreflike militêre geskiedskrywing op en die nie-professionele skrywer 'n swak produk nie. Daar is nie wesenlike beswaar teen die nie-professionele (joernalistieke of populêre) geskiedskrywing nie. Dit voorsien in 'n behoefte en belangriker nog, dit stimuleer belangstelling in die Suid-Afrikaanse militêre verlede. Die bedoeling is nie om die nie-professionele geskiedskrywers aan te val omdat hulle werk in een of ander opsig nie op peil is nie. Die bedoeling is om leemtes - aspekte wat ontbreek of nie genoegsame aandag ontvang nie - uit te wys. In alle billikheid moet ook daarop gewys word dat nie al die skrywers hulself as historici of hulle werk as geskiedskrywing in die ware sin van die woord beskou nie. Willem Steenkamp is een so 'n skrywer en in sy voorwoord tot *Borderstrike* tipeer hy dié werk nie as militêre geskiedenis nie, maar as oorlogsreportage.

Die militêre geskiedskrywing kan egter nie aan joernaliste en nie-historici oorgelaat word nie aangesien nie-professionele geskiedskrywing vele tekortkominge het. Die joernalis bv behou sy joernalistieke benadering wanneer hy met die militêre geskiedenis omgaan. Hy rig sy oog amper intuitief op die opwindende, avontuurlike en kleurryke en ignoreer die prosaïese maar dikwels deurslaggewende insidente, aangeleenthede en persoonlikhede. Die joernalis is meer geïnteresserd daarin om 'n goeie storie te vertel as om met die feite te worstel.

'n Ander beswaar is dat nie-professionele geskiedskrywing maklik in 'n aaneenryging van anekdotes of episodes verval. Op sigself is dit interessant en het dit historiese waarde, maar dit is nie geskiedenis nie. Daarvoor is die benadering te oppervlakkig.

Hierdie skrywers slaag ook nie daarin om die finale stap van geskiedskrywing te bemeester nie. Hulle wend geen poging aan om, nadat al die feite versamel en gesintetiseer is, sodanige feite te analiseer of te interpreteer of eie insigte daaroor te formuleer nie.

Die vernaamste rede vir dié gebreke is die feit dat die skrywers nie aan die vereistes van 'n vakkundig geskoolde militêre historikus voldoen nie. Die militêre geskiedskrywer moet 'n deeglike kennis van en vaardigheid in die vakmetodologie hê en moet 'n volledige kennis van die SA Weermag en die militêre opset in die algemeen hê. Hy moet bv ten volle vertroud wees met die Weermag se organisasie, die funksies van die onderskeie gevegsdienste, stafafdelings en ondersteuningsdienste, die tipe wapentuig en ook ander uitrusting wat gebruik word en hulle vermoëns; hy moet vertroud wees met die militêre leierskap en bevelskanale, militêre werksprosedures en simbole; en hy moet die waarde van logistiek en inligting as kardinale faktore vir oorlogsuksesse kan bepaal.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 23, Nr 2, 1993. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

## GEBREKKIGE BELANGSTELLING VAN HISTORICI IN MILITÊRE GESKIEDSKRYWING

Daar kan slegs bespiegel word oor waarom Suid-Afrikaanse professionele geskiedskrywers veral die resente militêre geskiedenis verwaarloos. Een van die redes is moontlik dat hulle meer geïnteresseerd is in die nuwe temas, soos die historiese dimensies van gemeenskappe, ekonomieë en kulture. Dit mag ook wees dat sodanige historici agv persoonlike, morele of politieke oortuiginge afkerig staan teenoor militêre geskiedenis, dws emosionele en ideologiese persepsies weerhou hulle van militêre geskiedskrywing. Daar is ook diegene wat meen dat oorlog dwaas en boos is en dat dit 'n aspek van die mensdom se aktiwiteite is wat onaangeraak gelaat moet word.

Die historici se gebrekkige belangstelling in die "Bosoorlog" kan dalk ook aan die aard van die oorlog toegeskryf word. Dit was 'n lang, uitgerekte lae-intensiteit oorlog. Die Suid-Afrikaanse publiek in die algemeen het naderhand oorlogsmoeg geword en die "Bosoorlog" het 'n alledaagsheid geword.

Die geklassifiseerde aard van die operasies en die feit dat die amptelike argiewe daaroor derhalwe moeilik toeganklik is vir die akademiese navorser, het seer seker die ernstige historikus wat 'n gebalanseerde en juiste geskiedenis wil skryf, ontmoedig.

## SLOT

Die voorafgaande het aan die lig gebring dat enkele historici reeds 'n paar stewige bydraes oor die geskiedenis van die SA Weermag se betrokkenheid in SWA en Angola gelewer het, maar dat die tema in al sy diversiteit en kompleksiteit nog grootliks braak lê. Die volledige boekstawing van hierdie geskiedenis is 'n omvangryke taak en kan slegs suksesvol deurgevoer word indien sekere vereistes nagekom word. Die eerste hiervan is dat die geskiedskrywing deur kundiges onderneem word. Militêre geskiedenis stel spesifieke vereistes betreffende objektiwiteit, insig en interpretasie en bevredigende navorsingsresultate kan slegs behaal word indien dit aan vakkundig en militêr geskoolde historici oorgelaat word.

Ten tweede moet alle moontlikhede om buitelandse primêre bronne te bekom, benut word. Daarsonder sal die geskiedenisbeeld eensydig en onvolledig bly. Betreffende Suid-Afrikaanse bronne, is die informasie wat uit onderhoude met die regstreekse betrokkenes bekom word, ter aanvulling van die argiewe, van wesenlike belang. Dikwels is bv ingrypende of hoëvlakbesluite onvolledig genoteer en is die navorser op onderhoude met die betrokkenes aangewys. Nodeloos om te noem dat sulke onderhoude so spoedig as moontlik gevoer moet word terwyl diegene wat die beleid oor die "Bosoorlog" bepaal het, of daaraan uitvoering gegee het of dit in sy velerlei fasette ervaar het, nog duidelik en akkurate herinneringe daaraan het.

Die uitvoering van so 'n projek moet in die derde plek volgens 'n vaste tematologiese beplanning, waarin die behoeftes van die SA Weermag die prioriteitsvolgorde bepaal, geskied. 'n Geskiedskrywingsprogram, waarin al die Weermagsdele 'n inset lewer, en wat behoorlik gestruktureer en gekoördineer is, moet in werking gestel word.

Ewe belangrik as enige van die reedsgenoemde vereistes vir militêre geskiedskrywing, is samewerking tussen die historikus en die soldaat. Die soldaat se bydrae mag waarskynlik nie in die vorm van die geskiedskrywing self wees nie, maar sekerlik in sy belangstelling in en steun aan militêrehistoriese navorsing.

**Mej L. Jooste is verbonde aan Direktoraat Dokumentasiediens, SAW.*